

Dormer en seleksie

Die seleksie van diere behels die volgende:

1. Om komersiële belangrike eienskappe te identifiseer en dan die,
2. Diere te identifiseer met die beste kombinasies van al die belangrike eienskappe.

In die praktyk beteken dit dat die verskille wat ons identifiseer oordraagbaar na die nageslag moet wees.

Elke dier = omgewing waarin hy grootgeword het + gene waarvan hy 'n kombinasie van sy ouers ontvang het. Sou ons 'n dier aankoop kan ons net die gene huistoe neem, al die voer en mooi oppas van die vorige eienaar bly agter.

Ons doen prestasiemeting maar, as dit by seleksie kom dan kies ons die "mooi" diere, maar wanneer ons slaglammers verkoop verkies ons die swaarste diere en met lamtyd wil ons he al ons ooie moet lam met pragtige lammers.

Prestasiemeting by die Dormer.

-Paring's van ooie met ramme moet aangeteken word.[moet ouers korrek identifiseer]. Vir registrasiedoeleindes moet die pa bekend wees. Maak seker dat die pa wel die pa is.

-Lammers moet aangeteken word by geboorte (geboortedatum)[geboortemassa]

-Speenmassa moet geneem word op 100dae [baie belangrike massa]

- Naspeen moet geneem word op 210dae[belangrik om vir groei te selekteer]

Dit is noodsaaklik om diere die selfde behandeling te gee en in hul groepe te hou. Die jongste lam moet ouer as 70 dae wees en oudste lam jonger as 150 dae. Verder mag die ouderdomsverskil tussen die jongste en oudste lam nie meer as 60 dae wees nie.

Dit word dan deur die LNR verwerk in Indekse en 'n Blup ontleding word ook gedoen.

Indekse wat deur die LNR uitgewerk word, kompenseer vir sekere diere bv. meerlinge, die ouderdom van die lam, die ouderdom van sy ma .ens.

Hierdie inligting moet nou op die een of ander wyse deur ons gebruik word om vordering te maak.

Indekse maak inligting aan ons bekend van hoe die dier teenoor sy ouderdomsgroep gevaar het vir 'n spesifieke eienskap.

Groei is $\pm 35\%$ oorerflik, reproduksie $\pm 10\%$ oorerflik.

'n Naspeen indeks is $\pm 57\%$ akuraat vir groei, maar 'n 100dae indeks is meer gekompliseer want dit bestaan uit groei direk[die dier se eie groei] en maternaal [die ooi se versorgings vermoë] en omdat ons nie die ooi se bydrae weet nie, kan ons dus nie akuraat voorspel wat 'n dier se groei gaan wees na gelang van sy 100dae indeks nie. Dit gee aan ons twee waardes wat na die groei of maternaal verwys. Die dier met die hoë 100dae indeks kan vir ons "groei" teel of "melk", al waarvan ons seker kan wees is dat ons nie weet nie.

Prestasiemeting is 'n "MOET" om ons ras kompiterend te hou en Indekse 'n goeie begin.

Daar is egter 'n meer akurate metode om die inligting wat ons ingesamel het en vir ons geld kos, beter te benut. (Daar kom geen ekstra werk by nie alles is klaar gedoen.)

BLUP teelwaardes

Staan vir "Best Linear Unbiased Prediction" [beste liniëre onvoorsydige voorspelling] en dit is die statistiese model waarvolgens teelwaardes uitgewerk word [ebv = estimated breeding value]

Indien mens na 'n dier sou kyk bestaan dit uit omgewing en gene.

Blup skakel so ver moontlik die omgewing uit en beskryf deurmiddel van Ebv's die genekombinasie vir 'n spesifieke eienskap so akuraat as moontlik.

Blup is beter as indekse omdat diere van verskillende ouderdomsgroepe[jare] en geslagte met mekaar vergelyk kan word en omdat dit meer akuraat 'n dier se teel prestasie kan voorspel vir die spesifieke eienskap. Dit gebruik nie alleen die dier se eie data nie maar ook die van alle verwante diere [stambome] om die voorspelde teelwaarde uit te werk. Het ook die bykomstige voordeel dat kuddes met die landsgemiddeld en mekaar vergelyk kan word.

Nasionale blup is net moontlik indien daar goeie koppeling bestaan tussen kuddes. Koppeling ontstaan indien 'n ram in 2 of meer kuddes gebruik word en goeie koppeling as hy meer as 20 gemete nageslag het. Daarna moet seisoenne ook met mekaar gekoppel word.

Blup waardes by die dormer en wat dit vir ons beteken.

As ons 'n blup ontleding ontvang is dit die genetiese ouidit van ons stoet vir die eienskappe wat ons reeds gemeet het. Maak 'n studie en sien waar is jou stoet se sterk en swak punte. Kyk dan na diere se individuele resultate en besluit dan op watter om te gebruik of uit te skot. Prof Fanie Schoeman het BLUP teelwaardes vergelyk met 'n GPS wat jou help om vinnig by jou bestemming uit te kom. Die probleem is egter dat vir baie is die bestemming verskillend en dit verander ook kort kort. As jou bestemming is om hoogste pryse op veilings te behaal sal die BLUP-GPS jou nie daar kan bring nie. As jou bestemming is om 'n ekonomiese kommersiele dier te teel kan jy die BLUP GPS gebruik.

Vertolking en aanwending

As voorbeeld kan ons die ebv 210dae massa van 2 ramme neem. Ram A het 'n positiewe ebv van 1.8 kg en ram B het 'n negatiewe ebv van -0.2 kg. Dan is die relatiewe genetiese verskil $1.8 + 0.2 = 2.0$ kg.

Ram A se nageslag sal onder gelyke omstandighede [selfde ooie] $2.0 \text{ kg} / 2 = 1.0 \text{ kg}$ swaarder wees as ram B sin. [Ons deel die totaal deur 2 aangesien die ooie ook 50% van hulle gene aan die nageslag oordra.]

Let daarop dat die syfer van 2.0kg 'n werklike syfer is wat die fisiese verskil tussen 2 diere in kilogram aandui en nie 'n afwyking soos in die geval van 'n indeks nie.

Gebdir=lam geboortegewig

Dir2 =100dae eie groei

Mat2=100dae maternaal[ooie se versorgings vermoë]

Dir3=Naspeen 210-270 dae eie groei

Twew='Total weight weanend'

Rew=Reële waarde [uitgedruk as randwaarde en 'n samevatting van die mees belangrike ekonomiese eienskappe]

**REW IS N GOEIE SELEKIE INDEKS AS U ALLE MEETBARE EIENSKAPPE WIL
VERBETER**

Blup is 'n uitstekende seleksie hulpmiddel en maak 'n voorspelling van 'n dier se genetiese potensiaal vir sekere gemete eienskappe op grond van die akuraatheid van inligting wat die stelsel ontvang, elke teler het steeds die verantwoordelikheid om eie oordeel aan die dag te lê wanneer en hoe hy dit wil gebruik.

Hierdie is my eie siening en is nie noodwendig die siening van die ras of raad.

Groete Johan Swart 082 8260292